
# NG Gemeente Rietfontein-Suid
# Bybel Blokraai - September 2012



## Tema: Saul

### Dwars

1. Die plek waar Saul nie langer vir Dawid kon agtervolg nie, omdat die Filistyne die land binnegeval het. (1 Sam. 23:28)

3. Die plek waar Saul vir 'n tweede keer tot ruste gelê is. (2 Sam. 21:14)

5. Die inwoners is gedreig dat hulle, hul __________ sal verloor, as hulle nie die verdrag met Nagas sou sluit nie. (1 Sam. 11:2)

7. Die instrument waarmee Saul gesus is. (1 Sam. 16:23)

9. Dawid het gaan skuiling soek in hierdie stad, want hy het gedink dan sou Saul hom nie meer agtervolg nie. (1 Sam. 27:4)

13. ‘n Tweede persoon wat ook amper onder Saul se spies deurgeloop het. (1 Sam. 20:33)

14. Na watter diere moes Saul gaan soek? (1 Sam. 9:3)

15. Hy was hoof van Saul se veewagters. (1 Sam. 21:7)

16. Saul se wapen teen Dawid. (1 Sam. 18:11)

19. “Nee, __________ is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme.” (1 Sam. 15:22)

24. Hy was hoof van Saul se leër. (1 Sam. 26:5)

25. ‘n Dogter van Saul. (1 Sam. 18:17,20)

26. Wie was Saul se oupa? (1 Sam. 9:1-2)

27. Saul het in hierdie stad sonder klere gelê en geprofeteer. (1 Sam. 19:23-24)

28. Waar sou Saul uiteindelik uitvind wat van die donkies geword het? (1 Sam. 10:2)

29. Saul is by hierdie plek aan ‘n muur vasgespyker. (1 Sam. 31:10)

## Af

2. Hoeveel van Saul se vier seuns het saam met hom gesterf? (1 Sam. 31:2)

3. Die wyse waarop Saul dood is. (1 Sam. 31:4)

4. Uit watter stam was Saul afkomstig? (1 Sam. 9:1)

6. Saul en Goliat deel dieselfde noodlot. Hulle was albei __________ (1 Sam. 31:9)

8. Dit was as bewys gelewer vir Dawid dat Saul regtig dood is. (2 Sam. 1:10)

10. “Saul het sy __________ verslaan, maar Dawid sy tienduisende.” (1 Sam. 21:11)

11. Saul het ‘n kleinkind gehad wat gebrek aan hierdie liggaamsdele gehad het. (2 Sam. 4:4)

12. Die plek waar Saul aanvanklik begrawe is. (2 Sam. 2:4)

17. Saul het hierdie persoon se gees opgeroep want God het hom nie geantwoord nie. (1 Sam. 28:11)

18. Hulle het Dawid meer as een keer gaan verklik by Saul. (1 Sam. 23:19; 1 Sam. 26:1)

20. Jonatan het, sonder om van Saul se eed te weet, van hierdie lekkerny geeët. (1 Sam. 14:27)

21. Saul se seun wat hom opgevolg het vir ‘n kort rukkie. (2 Sam. 2:8)

22. ‘n Dogter van Saul. (1 Sam. 18:17,20)

23. ‘n Amptenaar van Saul se hofhouding wat later vir Dawid sou werk. (2 Sam. 9:2)